Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

MEI 2019

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

EERSTE SOOI GESPIT VIR DIE NUWE GESONDHEIDS-FASILITEIT VIR GANSBAAI

Gansbaai Kliniek het amptelik die begin van die konstruksie van die nuwe gesondheidsfasiliteit gevier tydens 'n sooispit seremonie met die Provinsiale Minister van Gesondheid Dr Nomafrench Mbombo en Overstrand Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee en ander hoogwaardigheidsbekleders en gesondheidsorg beroepslui. R21 miljoen sal gespandeer word op die konstruksie van hierdie kliniek in Gansbaai. Bykomende dienste wat toegevoeg sal word tot die fasiliteit is 'n Noodbehandelingseenheid, Ambulansstasie, Aansteeklike siekte-eenheid en mediese afvalfasiliteite.

Nie eens die donker wolke en die ligte reënbuie kon die gees van die Proinsiale Minister van Gesondheid, Dr Nomafrench Mbombo en Overstrand Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee tydens die sooispit seremonie op Donderdag, 4 April 2019, demp nie.

Ook teenwoordig was Overberg Onderburgemeester Archie Klaas, Overstrand Burgemeesterskomiteelede, raadslede en gesondheidsorg beroepslui. Verrigtinge het afgeskop met 'n hartlike verwelkoming deur Sr Dorothea Jacobs. Dit is gevolg deur 'n oorsig van die bouplanne en 'n kunstenaarsvoorstelling van die nuwe kliniek opgerig te word langs die bestaande kliniek.

In haar toespraak het Minister Mbombo gesê, "*The project will certainly improve the current services that are offered to our patients. This will allow more patients to be treated at this facility, and will ensure better patient flow, in a bigger and better facility with a more comprehensive health service package.*"

Die projek behels die konstruksie van 'n nuwe vleuel verbind met die bestaande Gansbaai Kliniek, sowel as opgraderings aan, en die opknapping van die bestaande fasiliteit.

Die bovermelde uitbreiding en opgradering behels ook bykomende tereinwerke soos parkering, landskapering en die herwinning van reënwater. Dienste wat tot die fasiliteit toegevoeg sal word is 'n Noodbehandelingseenheid, Ambulansstasie, Aansteeklike siekte-eenheid, mediese afvalfasiliteite.

'n Sleutel element van die ontwerp was om 'n gefaseerde benadering te aanvaar om voortgesette dienste te verseker van die bestaande fasiliteit gedurende die konstruksie periode en terselfdertyd 'n aangename omgewing vir pasiënte en personeel te skep. **Daar word voorsien dat konstruksie teen Maart 2020 voltooi sal wees.**

VOORWERPE IN RIOOL VEROORSAAK VERSTOPPINGS

Rioolverstoppings kan tot 'n groot mate toegeskryf word aan voorwerpe soos klippe, stukke yster, plastiek, takke, ghries en huishoudelike afval wat in die stelsel gegooi word en verstoppings veroorsaak. Hou asseblief mangate en afvoerpype skoon en rapporteer verstoppings by die munisipale beheerkamer 028 313 8000 / 8111. Alternatiewelik, skakel Kleinmond 028 271 8400, Hermanus 028 313 8090, Gansbaai 028 384 8300 en Stanford 028 341 8500 om diens te versoek.

Die Munisipaliteit Overstrand doen weereens 'n beroep op inwoners om nie materiaal soos kookolie, motorolie, diere afval, verf, betonflodder en konstruksie material en enige ander huishoudelike gevaarlike chemikalieë in die stormwater infrastruktuur te gooi nie.

Voorkomende maatreëls

Daar is geen verskoning vir die onwettige storting van afval in ons buurte of langs paaie nie aangesien die Munisipaliteit 'n hoogs betroubare vullisverwyderingsdiens en stortingsfasiliteite oor die hele Overstrand het.

HERMANUS ADMINISTRASIE:

- HERMANUS
  Oorlaaistasie in Mbekistraat
  (slegs algemene afval en tuin afval)
  Maandae - Vrydae 08:00 - 18:00,
  Saterdae 09:00 - 16:00
  Openbare vakansiedae 09:00 - 14:00
- VOËLKLIP
  Naweek stortingsfasiliteit in Sewendestraat (slegs huishoudelike afval en swart sakke)
  Maandae tot Vrydae 08:00 - 18:00,
  Saterdae 09:00 - 16:00
  Openbare vakansiedae 09:00 - 14:00
- VOËLKLIP PRAWN FLATS
  Prawn Flats stortingsfasiliteit vir algemene en tuin afval
  Maandae tot Vrydae 08:00 - 18:00,
  Saterdae 09:00 - 16:00
  Openbare vakansiedae 09:00 - 14:00
- HAWSTON
  Stortingsfasiliteit in Kerkstraat (slegs algemene huishoudelike afval en tuinafval)
  Maandae tot Vrydae 08:00 - 18:00,
  Saterdae 09:00 - 16:00
  Openbare vakansiedae 09:00 - 14:00
- KARWYDERSKRAAL
  Stortingsterrein (bourommel, tuinafval en algemene huishoudelike afval)
  Maandae tot Vrydae 08:00 - 16:30

KLEINMOND ADMINISTRASIE:

- Pringlebaai Naweek stortingsfasiliteit vir huishoudelike afval
- Bettysbaai Naweek stortingsfasiliteit vir huishoudelike afval
- Bettysbaai Stortingsfasiliteit vir tuin afval Maandae tot Vrydae 08:00 - 16:00, Saterdae 09:00 - 16:00
  Openbare vakansiedae 09:00 - 14:00
- Kleinmond Oorlaaistasie vir huishoudelike-, algemene- en tuin afval en klein hoeveelhede bou-rommel ("bakkiebouers") 0 tot 1 ton.
  Maandae tot Vrydae 08:00 - 16:00,
  Saterdae 09:00 - 16:00
  Openbare vakansiedae 09:00 - 14:00

STANFORD ADMINISTRASIE:

- Stanford Oorlaaistasie vir algemene- en tuin afval en klein hoeveelhede bourommel.
  Meer as 1 ton moet na Gansbaai stortingsterrein geneem word.

GANSBAAI ADMINISTRASIE:

- Gansbaai Stortingsterrein vir bourommel, algemene- en tuin afval
- Pearly Beach Stortingsterrein vir algemene- en tuin afval en klein hoeveelhede bourommel ("bakkiebouers")

FynArts HERMANUS

Bespreek nou vir elf stimulerende dae wat 'n eklektiese mengsel van kunste meebring, intellektuele stimulasie, goeie wyne en heerlike spyse in 'n samesmelting van kunste fees en winterskool.

Vier die Suid Afrikaanse kunste en kunstenaars in opwindende aanbiedings van visuele en uitvoerende kunste wat insluit komedie met Alan Committie; teater met Pieter-Dirk Uys; dans - ballet deur die Kaapstadse Ballet en Spaans; 'n wye verskeidenheid van musiek - klassiek en jazz; keramiek en vesel kuns; 'n kinder-program en vele meer.

Die volledige program is op hermanusfynarts.co.za beskik-baar. Kaartjies kan aanlyn gekoop word by webtickets.co.za, by die toerisme-kantoor in die Stasiegebou of per telefoon 060 957 5371. Teken in op die FynArts nuusbrief, Facebook en Twitter (@hermanusfynarts).

"AARTO" - HOE DIT MOTORISTE GAAN RAAK?

Die Wet op Administratiewe Beoordeling van Padverkeersoortredings, 1998 (Wet 46 van 1998) (AARTO) is onder meer 'n stelsel vir die bestuur en beoordeling van verkeersoortredings. "AARTO" het die doel om 'n vinniger administratiewe proses te verskaf vir die hantering van verkeersoortredings in plaas van die uitgerekte regsproses.

"AARTO" sou in werking tree deur 'n demerietestelsel waarvolgens die bestuurderslisensie van 'n bestuurder wat herhaalde verkeersoortredings gepleeg het, opgeskort kan word en onder sekere omstandighede teruggetrek kan word. Die demerietestelsel is egter nooit inwerking gestel nie. Dit kan in die nabye toekoms verander.

Die AARTO Wysigingswetsontwerp, wat op 5 Maart 2019 deur die Parlement goedgekeur is maar nog nie deur die President as die wet onderteken is nie, verander AARTO op 'n aantal maniere. In 'n neutedop - wanneer daar 'n verkeersoortreding is, sal die volgende administratiewe proses geword word:

Dag 1:

• Die oortreder kan gearresteer word. 'n Dagvaarding sal uitgereik word vir die oortreder om in die hof te verskyn en indien skuldig bevind word, kan die oortreder 'n boete, gevangenisstraf of albei gegee word.

OF

• 'n Oortredingskennisgewing kan aan die bestuurder of voertuig eienaar uitgereik word. As die betaling vinnig gedoen word, kan daar 'n afslag wees. Sodra die betaling gemaak is, sal die aantal strafpunte wat op die oortreding van toepassing is, op die Nasionale Verkeersinligtingstelsel (NaTIS) oortredingsregister vasgelê word. Die oortreder sal dan in kennis gestel word van die aantal punte wat op NaTIS vasgelê is en hoeveel punte daar oor is voordat die bestuurderslisensie, professionele bestuurpermit (PrDP) of operateurskaart opgeskort word. Die demeritasiepunt sal afgetrek word ongeag of 'n boete betaal is of nie. Binne hierdie tydperk van 32 dae kan 'n oortreder versoek om in paaiemente te betaal of, indien dit 'n gevolmagtigde is, die Padverkeersoortredingsagentskap (RTIA) in kennis stel van wie die bestuurder was of verkies om hofprosedures te volg.

Dag 33:

Na 32 dae sal 'n hofbrief aan die oortreder gestuur word waarin verklaar word dat hy of sy nie bevredigend gereageer het nie. Oortreders het dan nog 32 dae om die boete en die fooi vir die hofbrief te betaal.

Weereens kan die oortreder die agentskap in kennis stel van wie die bestuurder was of versoek om die boete in paaiemente te betaal. Geen afslag sal op hierdie tydstip van toepassing wees nie.

Dag 65:

• Na 64 dae sal 'n afdwingingsbevel uitgereik en op die bestuurder of eienaar bedien word. Hierdie afdwingingsbevel sal wees vir: (1) versuim om op 'n hofbrief te reageer; of (2) versuim om in die hof te verskyn na aanleiding van 'n kennisgewing; of (3) onvoldoende betaling; of 4) tjek betaling word geweier; of (5) onvoldoende betaling van maandelikse paaiemente. Op hierdie stadium sal die demeriete outomaties plaasvind en geen bestuurslisensie, PrDP of selfs 'n voertuiglisensie sal uitgereik word totdat die bevel nagekom is nie. Die oortreder sal gewaarsku word dat nie-nakoming sal lei tot die uitreiking van 'n lasbrief.

• Op hierdie stadium sal die oortreder die boete, gelde van die hofbrief, afdwingingsbevel en verteenwoordiging moet betaal, indien van toepassing.

Dag 97

• Na 96 dae (die 64-dae tydperk waarna hierbo verwys word plus nog 32 dae om te betaal of om 'n bevredigende en ten volle gemotiveerde aansoek vir herroeping van die afdwingingsbevel in te dien) sal 'n lasbrief aan die balju oorhandig word vir uitvoering. Op hierdie stadium kan dit 'n verskeidenheid opsies insluit, insluitend die beslaglegging op roerende goed van die oortreder en verkope daarvan om koste te delg, beslaglegging op die bestuurderslisensie of PrDP van die oortreder, beslaglegging op die operateurskaart indien van toepassing, immobilisering van die voertuig waarvan die oortreder die eienaar is, en die oortreder aan die kredietburo rapporteer.

Voorbeeld van demeriete punte:

- 6: bestuur onder die invloed van alkohol
- 6: bestuur teen 'n spoed van meer as 160 km/uur in 'n 120km/uur sone
- 4: Oorskryding van die spoedgrens met meer as 25 km/uur, maar minder as 30 km/uur (oorskryding met meer as 30 km/uur, sal onmiddellik in hegtenis geneem word) Voorbeeld: reis teen 85km/uur in 60km/uur sone
- 3: verbygaan op die linkerskouer
- 1: lisensie skyf nie in voertuig vertoon nie

ONS VRA BESOEKERS OM OP HUL WATERVERBRUIK TE LET EN TE SPAAR SOOS *'N LOCAL*

Vlak twee waterbeperkings bly van krag in die Groter Hermanus gebied.

- Tuine kan slegs natgelei word EEN DAG per week.
- Tuine kan slegs natgelei word vir 'n maksimm van EEN UUR per week.
- Tuine moet verkieslik voor 09:00 of na 17:00 natgelei word.
- Vir inwoners met ewe straatnommers is dit SLEGS Woensdae.
- Vir inwoners met onewe straatnommers is dit SLEGS Dinsdae.
- Tuinslange kan gebruik word, maar slegs vir die periodes hierbo vermeld.
- Besproeiingstelsels kan gebruik word, maar slegs vir die periodes hierbo vermeld.
- Die skoonmaak van geplaveide en sement oppervlaktes deur gebruikmaking van 'n tuinslag is nie toelaatbaar nie.
- Voertuie kan slegs gewas word deur gebruik te maak van 'n emmer.
- Swembaddens kan opgevul word.

EWASA UITHOU STAPWEDLOOP KAMPIOENSKAP 2019 *skop af op 'n dawerende noot*

Die 2019 EWASA uithou stapwedloop kampioenskap was vir die eerste keer in Gansbaai aangebied oor die naweek van 7 en 8 Maart 2019.

Meer as 30 spanne van polisie departemente het deelgeneem in hierdie tweedaagse 75 km uithou stapwedloop. Op die eerste dag het deelnemers 40 km gestap en die tweede dag het hulle 35 km gestap. Deelnemende SAPD spanne is vergesel van skoolspanne van Laerskool Okkie Smuts van Stanford en Towerkop Primêr van Ladysmith.

Burgemeester Dudley Coetzee en die SAPD se Hoof van Menslike Hulpbron Ontwikkeling, Brigadier Kotzé het medaljes uitgedeel aan leerders van Laerskool Okkie Smuts wat deelgeneem het aan die EWASA uithou stapwedloop kampioenskap 2019. Wel gedaan!

Verskeie aktiwiteite het plaasgevind soos vertonings deur die Spesiale Magte en sportgebeure soos sokker en netbal. Besoekers was vermaak deur die Polisie orkes en plaaslike kosstalletjies het ook watertand geregte aangebied. Die gebeurtenis is afgesluit met 'n oorhandigingseremonie by die Gansbaai Academia.

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee het gesê dit was 'n eer dat die Overstrand en Gansbaai spesifiek gekies is om die gebeurtenis aan te bied. "*Even more so since I believe it is the first time another venue was considered, other than Mossel Bay, where it's been held for the past 20 years*" het die Burgemeester gesê.

STATUS VAN WATERSITUASIE EINDE MAART 2019

Die De Bosdam wat die Groter Hermanus-gebied voed, is 45,2% vol. Dit is 3,3% hoër as dieselfde tyd verlede jaar. Gedurende Maart was 70% van die water wat in die groter Hermanus gebruik is, van die De Bosdam afkomstig en 30% van boorgate. Ons verwag dat die vlak van die dam teen einde Mei op 39% sal wees, voordat dit begin herstel weens die verwagte winterreën. Alhoewel ons effens beter af is as verlede jaar, word inwoners steeds aangemoedig om hul watergebruik te beperk tot die dam minstens 80% vol is.

Ander damme in die Overstrand area is op bevredigende vlakke:

Buffelsrivierdam (Rooi Els, Pringlebaai en Bettysbaai) - 100%
Kraaibosdam (Groter Gansbaai - De Kelders tot Uilkraalsmond) - 78,2%
Pearly Beach Damme - 79,4%

Kleinmond kry water direk vanaf die Palmietrivier. Die vlak van die rivier is bevredigend. Stanford, Baardskeerdersbos en Buffeljagtsbaai kry hul water uit boorgate. Al die boorgate presteer goed.

'n Emosionele ontvanger van die titelaktes van Mt Pleasant met Minister vir Menslike Nedersettings, Bonginkosi Madikizela, Onder Burgemeester Rdl Elnora Gillion en Uitvoerende Burgemeester Rdh Dudley Coetzee

TITELAKTES AAN REGMATIGE EIENAARS OORHANDING

Die Minister van Menslike Nedersettings, Bonginkosi Madikizela en die Uitvoerende Burgemeester, Rdh Dudley Coetzee, vergesel deur mede-raadslede en administrasie, het Donderdag 12 April 2019 drie gebiede in die Overstrand besoek om titelaktes aan die begunstigdes van Mt Pleasant, Hawston en Kleinmond oor te dra.

Hieronder is die uiteensetting van die verskillende projekte wat vanaf voor 1994 begin het:

1. MOUNT PLEASANT: *Een en dertig (31) titelaktes is vir die gebied geregistreer. Elf (11) begunstigdes was bejaardes (ouer as 60 jaar). Hierdie titelaktes is geregistreer vir eiendomme onder die volgende projekte, naamlik:*

▶ Ou skema (pre 1994): 11
▶ Selfbou Skema (PHP): 4. Vorm deel van die ou skema (pre 1994)
▶ 350 behuisingprojek: 16. Projek ontwikkel tussen 1997 en 2000.

2. HAWSTON: *Agt en veertig (48) titelaktes is geregistreer. Sewentien van die begunstigdes was bejaardes (ouer as 60 jaar). Die titelaktes is geregistreer vir eiendomme in die volgende projekte naamlik:*

▶ Ou skema (pre 1994): 19
▶ Selfbou Skema (PHP): 2. Ontwikkel pre 1994.
▶ 350 behuisingprojek: 11. Ontwikkel tussen 1999 - 2000
▶ 182 behuisingprojek: 13. Ontwikkel tussen 2006 - 2008
▶ Privaat/bekostigbare erwe: 3. Ontwikkel tussen 2006 - 2008

3. KLEINMOND: *Een honderd sewe en sestig (167) titelaktes is vir die gebied geregistreer. Die titelaktes is geregistreer vir eiendomme in die volgende projekte, naamlik:*

▶ Poppedorp, Kleinmond: 101. Ontwikkel pre 1994
▶ Kleinmond 410 projek: 67. Ontwikkel tussen 2010 - 2011.

KOSTE PER OORDRAG om 'n eiendom oor te dra wat deur staatsbefondsings onwikkel is beloop tot R2 000 per oordrag. Hierdie bedrag is deur die Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings goedgekeur. Die koste om die verlore titelakte op eie koste te vervang beloop egter + - R3,000.00.